
# Skrikwekkende Verhale

## Die Hut

THINK
DIGITAL ACADEMY



'n Wandelaar het besluit om vir 'n plesierstap te gaan. Iets waaraan hy nie baie gewoond was nie.



Die hele dag was normaal. Bome en bosse het sy omgewing oorstróóm. Hy het dit geniet om buite in die berge te wees.



Niks het vir hom vreemd gelyk nie, dit was, totdat hy op pad terug na sy motor was.



Hy het gereken 'n staptog van agt uur was goed genoeg. Die lug het al donker geword en hy moes vinnig terug gaan.



Wat vreemd was, was hoeveel hy nie die roete terug herken het nie. Hy het begin paniekerig raak.



Nag het reeds oor geneem en al wat hy gehad het was 'n flitslig en geen idee hoe om terug te gaan nie. Hy het geweet dit is reeds te laat en te gevaarlik om deur die gevaarlike woud te bly gaan.



Hy het begin bekommerd raak dat hy geen skuiling vir die nag sou hê nie, gelukkig vir hom het hy op 'n stukkende hut af gekom.



Dit was donker en het gelyk asof niemand dit in jare besoek het nie, maar hy het geweet dat dit die enigste plek was waar hy tot daglig kon rus, veral omdat sy flitslig se battery besig was om pap te raak.



Hy het 'n paar keer aan die deur geklop, maar niemand het geantwoord nie ...



... daarom het hy homself in gelaat waar daar vreemd genoeg 'n perfekte bed vir een persoon in die middel van die vloer op hom gewag het. Hy het geweet dat as die eienaar terug sou kom, hy ‘n goeie verduideliking sou kon gee, hy was seker dat die eienaar nie sou omgee nie, of die eienaar was selfs waarskynlik dood.



So, hy het voort gegaan en hom gemaklik in die bed gemaak.



Terwyl hy probeer om te slaap, kon hy nie die versameling van skilderye rondom die kamer ignoreer nie; portrette van vreemde mense wat almal na hom loer, elkeen met 'n glimlag wat koue rillings teen sy ruggraat laat opgaan.



Nie te lank daarna nie, het sy uitputting van die staptog die beste van hom gekry en hy kon die gesigte ignoreer.



Die volgende oggend het hy vroeg opgestaan en was geskok om te sien dat daar geen skilderye in die kamer was nie, maar wel vensters.




THINK
DIGITAL ACADEMY